DIE OLIELAMP

Blad van die Jeug in die Vrye Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika

REDAKSIONEEL

Geagte leser,

As jy gewoonlik net na die voorblad van hierdie blad kyk en dit dan eenkant sit, wees verseker: as jy die artikels binnekant lees, sal jy baie leer en verryk word! Daar is ‘n pragtige inspirerende stuk met die naam *A Rock and The Rock*. Lees dit! Daar is ook ‘n aktuele artikel wat handel oor seks voor die huwelik. As jy nog steeds wonder oor evolusie en skepping is daar ‘n boekresensie waarna jy gerus kan kyk. Die MAF word aan ons bekend gestel deur Christiaan Haak “wat vlieg waar paaie eindig”. Die *Sleutelgat* en *Voetspoor* klim in die persoonlike lewens in van mense wat jy ken. Lees dit en gesels saam! As jy teen hierdie tyd nog nie nuuskierig is nie, ‘n tweede boodskap van die boesmans is ontvang…So word ook die vraag gevra *Lees ons Jona nog so…?* Verder word Nederland in oënskou geneem, die erns van die Tweede Gebod word beklemtoon, en daar is ‘n artikel oor psalmsing en ‘n mooi gedig. Laastens is daar ‘n interessante stuk oor Filémon en die Bybel. O, en moenie vergeet om na die Verjaarsdaglys te kyk om te sien wie al die VIP’s is nie! Met al hierdie artikels is daar dus beslis rede om om te blaai!

Ek dink dat hierdie blad uitkom as die vakansie al weer verby is, so ek hoop almal het lekker uitgerus. Dis somtyds swaar om nog ‘n hele half jaar aan te pak, maar hou moed en werk met dié gedagte uit Gal. 6: “Maar wie op die akker van die Gees saai, sal van die Gees die ewige lewe oes. Laat ons dan nie moeg word om goed te doen nie, want as ons nie verslap nie, sal ons op die bestemde tyd ook die oes insamel.”

Namens die Kaap redaksie,
Margreet Moes

INHOUD

Uit die Woord	**2**
Die Tweede Gebod	2
Lees Ons Jona nog so … ?	2
Filémon	3
Oppad	**4**
Die Bybel: ‘n Genadewonder	4
Daadwerklike Sendingswerk	5
Sing uit Volle Bors!	7
Voel jy ook so?	**8**
Nederland: ‘n Land van Melk en Heuning?	8
Seks voor die Huwelik	9
A Rock and The Rock	11
Sosiaal	**13**
Sleutelgat	13
Voetspoor	13
Kongres 2001	14
Boeke	**15**
Stoffel in die Wildernis – Christiaan Bakkes	15
Creation in six days – James B. Jordan	15
Nog Iets…	**16**
Gedig: Moed	16

LEES ONS JONA NOG SO … ?

Gerda Aartsma

"Barmhartig en genadig is die Here, lankmoedig en vol van liefde "

Die sending van Jona was in daardie dae iets buitengewoons. Daar was 'n groot skeidingsmuur tussen die heidendom en Israel. Maar die Here het 'n doel gehad, daarom stuur Hy Jona.

Is dit nie tipies van Jona, die mensdom, om weg te draai van die Here en die teenoorgestelde pad te kies nie? Waarom? Omdat ons dalk nie besef hoe groot God se liefde vir die mens is nie?

In Jona se gebed binne-in die vis, kan ons agterkom dat Jona die liefde van die Here begin sien: *"Die wat op nuttelose afgode vertrou, verlaat Hom wat liefde aan hulle gee."* - Jona 2:8 (NV)

Redaksies:

Pretoria:
Redakteur: Rinus Kamphuis - kamphuisrk@hotmail.com
Sekretaresse: Karina Smit
Penningmeester: Arjan van Houwelingen
Lede: Willemien Kleijn
Wilma Lubbinge
Anita Zielman

Maranata:
Redakteur: Cora Visser - jrvisser@global.co.za
Penningmeester: Daniël van der Meulen
Sekretaresse: Marie Louise van den Bout
Lede: Cornelia Kerkhoff
Frans Hagg
Johan de Vente

Kaapstad:
Redaktrise: Lieneke Eefting - lieneke@xsinet.co.za
Artikelversorging: Christine van der Linden
Jaco Haak
Sekretaresse: Clara van der Vinne
Finansies: Margreet Moes

Kontakpersone:
Johannesburg: Wolter Bijker
Bethal: Arnoud van den Bout

Uitleg:
Gerhard Bijker - gerh@rd.co.za

Ons hoop om *Die Olielamp 9* keer per jaar uit te gee. Hierdie eksemplaar is ook elektronies beskikbaar by die volgende Internet adres:
http://www.vgk.org.za/olielamp/

Koste: R35.00 per jaar

Dit is ook heelwaarskynlik die situasie waarin Israel verkeer, die afgodediens. Die oordeel wat die Here oor Ninevé wil bring, sal ook vir Israel geld en vir ons! Vertrou ons nie ook dikwels op wêreldse goed nie, …as ek maar genoeg geld het…
Maar dan soek ons ons hulp op die verkeerde plek, want: *"Hulp kom net van die Here af "* - Jona 2:9b

In die Nuwe Testament haal die Here Jesus weer die gebeure van Jona aan. Dit is die enigste teken wat die Here aan die Fariseërs en Skrifgeleerdes gee: *"'n Slegte en afvallige geslag vra 'n teken, en geen teken sal aan hulle gegee word nie, behalwe die teken van die profeet Jona"* - Matteus12:39. Soos wat Jona drie dae en drie nagte in die vis was, so was die Here Jesus drie dae en drie nagte in die graf. En net soos wat Jona 'opgestaan' het om na Ninevé te gaan, net so skenk die opgestane Heer die evangelie en kwyt-skelding van sondes aan ons, en aan almal wat die evangelie nog moet hoor.

Die mense van Ninevé het tot bekering gekom. 'n Groot genade- en liefdebewys van die Here. Net soos wat dit 'n teken vir Israel moes wees, is dit 'n teken vir ons. Ons mag nie die evangelie net vir onsself hou nie, maar moet dit daagliks deur ons optrede bekend maak.

Omdat die mense van Ninevé berou gekry het oor hulle verkeerde lewenswyse, het die Here ook berou gekry en sy oordeel nie voltrek nie. Jona was baie ontevrede hieroor en het kwaad geword: *"Ek het geweet U is 'n genadige en barmhartige God, lankmoedig en vol liefde. U sien maklik af van die straf wat U aangekondig het." - Jona 4:2 (NV)*

Dit is net hier waar die Here iets vir Jona en vir ons almal wil leer. Hy laat 'n soort wonderboom opskiet en Jona geniet baie van die skaduwee, maar die volgende dag is die boom deur 'n wurm opgevreet en Jona het weer kwaad geword vir die plant. Die Here vra toe of hy 'n rede het om kwaad te word vir die plant. Jona sê toe, ek is besig om te sterf! Die Here het vir Jona gesê toe vir Jona, jy is besorg oor 'n plant waarvoor jy nie eens gewerk het nie, 'n stad met meer as 120 000 mense wat nie weet wat reg en verkeerd is nie, en ook nog baie diere?

Staan ons dikwels genoeg daarby stil hoe groot God se genade en liefde vir die mens en sy skepping is, dat Hy selfs vir ons sy eniggebore Seun gestuur het? Dat Hy nie sy skepping wil vernietig omdat die mens

gesondig het nie. Hier is dus 'n groot troos in die verhaal. God **is** genadig, en ons **kan** gered word as ons volkome vertrou en glo in die Here Jesus, wat 'n nuwe hemel en aarde vir ons gereed maak!

By die bespreking van hierdie boek het ons op die volgende vraag afgekom: Straf die Here vandag nog regstreeks op ons sondes, of word ons slegs deur beproewing getoets?

DIE TWEEDE GEBOD

Petra Ros

Die wet help ons om te sien hoe die HERE met die skerwe van ons lewe iets nuuts maak, soos 'n mosaïek wat weer skoongemaak en gerestoureer word. Hy beskerm en herstel ons lewe deur sy wet.

Die tweede gebod is spesiaal 'n gebod vir die mense wat al deur die HERE gekies en geroep is, geroep ook tot bekering en geloof, wat erken dat Hy die enigste God is. Maar hoe sal ons nou die HERE as die *Enigste* God, as ons HERE dien?

Dit is 'n feit dat alle mense, ook dié wat sonder die HERE lewe, moet erken dat hulle 'n mag bo hulle benodig en in angs en nood altyd vir 'n toevlug soek. Daarom wend baie mense hulle tot iets sigbaars wat vir hulle houvas kan gee. Selfs Israel het dit gedoen. Toe Moses te lank op die berg Sinaï bly, vra die volk Aäron om vir hulle 'n afbeelding van die HERE te maak. Israel het probeer om die HERE naderby te bring. Hulle wou 'n sigbare hulp vir hulle geloof hê, 'n tasbare bewys.

Dis presies wat die HERE verbied! Die tweede gebod bepaal dat die mense nie mag poog om 'n afbeelding van die HERE, 'n eie visie van die HERE te maak nie. Hy het belowe: *"Ek is naby, Ek sluit my verbond. Jy hoef My nie op te roep nie, jy mag My aanroep! Dien My met liefde; en nie met jou angs of Ek wel daar is of nie."* Die HERE wil sy kinders deur die lewende verkondiging van sy Woord laat onderrig. Dit is: Laat jouself onderrig in die juiste houding om Hom te dien, en te leer hoe om Hom te dien. Ons dien nie beelde nie; en dit lyk asof die tweede gebod vir ons, gereformeerdes, geen gevaar inhou nie. Maar die groot gevaar van sonde teen hierdie gebod in die kerk is oppervlakkigheid. Ons is aan soveel rykdom gewoond en lewe sonder ernstige probleme. Daarom het elkeen sy eie mening oor die kerk en dankbaarheid is baie keer afwesig. Ons praat oor uiterlike dinge, soos oor mekaar en die predikant in plaas van om te luister na God se Woord.

Jy moet die HERE met jou hele hart dien. Die HERE verdra geen gebrek aan liefde vir Hom nie. Hy is 'n jaloerse God en Hy eis onverdeelde trou aan Hom. God is die middelpunt van ons lewe, ons geloof. Geen volkshelde, sporthelde, politieke partye, ambisie of eer mag bo Hom gestel word nie.

FILÉMON

Ingrid Byker

Die brief aan Filémon is ongeveer 60 n.C. deur Paulus geskryf terwyl hy in Rome in gevangenskap was. Filémon was 'n man van aansien. Hy was ryk, 'n slawe-eienaar, 'n Christen en het sy huis beskikbaar gestel vir kerkdienste. In daardie dae was daar nog nie eintlik kerkgeboue nie, waarskynlik as gevolg van 'n tekort aan fondse en 'n vrees vir vervolging. Een van Filémon se slawe, 'n man genaamd Onesimus, het weggeloop (daar word vermoed dat hy Filémon beroof het) en in Rome met Paulus kennis gemaak.

Deur Paulus het Onesimus ook tot bekering gekom. Hy het soos 'n seun vir Paulus geword, en Paulus het hom baie liefgehad. Ten spyte hiervan en alhoewel hy vir Paulus baie nuttig was (Onesimus beteken "nuttig" of "bruikbaar"), was hy nog steeds die wettige eiendom van Filémon. Daarom het Paulus hom met hierdie brief na sy baas teruggestuur.

In die brief versoek Paulus vir Filémon, wat ook 'n goeie vriend van hom was, om Onesimus te vergewe, maar meer as dit, om hom terug te verwelkom as medegelowige en as broeder in Christus. Paulus het die gesag gehad om Filémon te beveel, maar hy verkies om 'n liefdevolle beroep op hom te doen. Met vriendelikheid en respek kan baie meer vermag word.

'n Mens kan verstaan dat Onesimus regtig bang was om terug te gaan. Die straf vir wegloopslawe was baie swaar. En dat Filémon hom as broeder sou aanneem moes seker vir Onesimus ondenkbaar gewees het. Die Romeinse, Griekse en Joodse samelewings het streng sosiale skeidsmure gehad. Van elkeen is verwag om sy plek in sy spesifieke sosiale klas te ken en daar te bly. Daar was byvoorbeeld groot klasse-verskille tussen Jode en nie-Jode, mans en vrouens, slawe en vry mense.

Christus breek egter al hierdie skeidingsmure af. Alle Christene is voor Hom gelyk, ongeag status, rykdom, geleerdheid of ras. Kyk maar wat staan in Kol 3:11: *"Hier is dit nie van belang of iemand Griek of Jood is nie, besny of nie besny nie, andertalig, onbeskaaf, slaaf of vry nie. Hier is Christus alles en in almal!"*

Ons weet nie wat van Onesimus geword het nie. Miskien is hy bevry en het hy na Paulus teruggekeer. Ignatius, 'n vroeë kerkleier, maak melding van 'n man genaamd Onesimus wat 'n leier in die gemeente van Efese was. Of dit dalk dieselfde Onesimus was, is nie bekend nie.

DIE BYBEL: 'N GENADEWONDER

Janneke de Vries

Johannes 1 begin met: *"In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. Hy was in die begin by God. En die Woord het vlees geword en onder ons gewoon."*

Hierdie woorde is woorde wat ‘n groot betekenis besit. Indien jy die betekenis van ‘Woord’ vertaal met Christus, dan beteken dit dat die vertolking van die wese en die wil van God van altyd af by God was. Christus was saam met God van ewigheid tot ewigheid. Deur sy menswording het Hy onder ons gewoon en die enigste waarheid onder woorde gebring. Hy het die betekenis en geskiedenis van die Ou Testament bevestig en verklaar en dit voortgesit met die inspirasie vir die skryf van die Nuwe Testament totdat die Woord uiteindelik volledig beskikbaar gestel kon word aan die kerk van die eindtyd.

Ons ken hierdie woorde in boekformaat as die Bybel, ons lees baie reëlmatig daarin, ons studeer daaruit, maar dis miskien alreeds so normaal en gewoon vir ons dat ons nie altyd besef dat hierdie Bybel nie sommer ‘n deur God-se-Gees-geïnspireerde-geskrif is nie. Die inspirasie strek hom ook oor die geskiedenis en ontstaan van die Bybel uit. In wese is die Bybel ‘n getuienis van ‘n wonder van ‘n onmoontlikheid wat werklikheid geword het. Geen boek besit ‘n soortgelyke geskiedenis nie, en geen boek bestaan wat op ‘n sodanige unieke wyse oor 4000 plus jare gevorm is nie.

Slegs ‘n boek wat deur God oor 4000 jare bewaar, beskerm en onderhou is, kan vandag nog bestaan. In dié opsig het ons gevolglik te make met ‘n ongelooflike unieke geskrif wat slegs aan een unieke Krag, een enkele Bron, sy hele bestaan te danke het.

Waarvandaan kom die Bybel?

Die Bybel is ‘n baie ou boek, sommige dele is waarskynlik ouer as 3500 jaar. Dit is ‘n boek uit ander tye, kom vanuit ander kulture, is gekryf deur die mees verskillende karakters. Dit is in verskillende tale geskryf, op verskillende vlakke van taalgebruik geskryf, en nogtans vorm dit ‘n harmoniese geheel wat mense tot geloof en kennis bring sonder dat bogenoemde verskille teenstrydige gevoelens skep en as gevolg daarvan inboet m.b.t geloofwaardigheid.

Watter kenmerke is dit wat die Bybel so uniek maak?

- In die eerste plek sy wyse van ontstaan, Indien mense vandag ‘n boek wil skryf, word daar ‘n aantal mense bymekaar gebring wat afsprake maak om elk ‘n bydrae te lewer. Bv. die antwoord van gereformeerde kant op Die Bybel in Praktyk word deur ongeveer 35 medewerkers gehanteer. Die Bybel daarenteen is deur meer as 40 skrywers geskryf wat geen enkele afspraak met mekaar gehad het nie. Trouens, dit was onmoontlik want die Bybel het sonder sigbare plan oor meer as 150 generasies gegroei van eeu tot eeu totdat al die dele bymekaar gevoeg is en die volledige Bybel, soos ons dit vandag ken, ontstaan het.

- In die tweede plek, die unieke samestelling van die skrywers. Die mense wat dit geskryf het pas ook glad nie in ‘n span nie. Byvoorbeeld: Moses die politikus, Egiptiese prins en korrelkop; Josua die generaal; Salomo die koning en oosterse haremhouer; Amos die herder; Nehemia die howeling; Daniël die eerste minister; Petrus die impulsiewe visser; Lukas die medikus; Mattheüs die belastinggaarder; Paulus die rabbyn; Johannes die siener…

Volgende keer kyk ons verder na die Bybel as ‘n genadewonder van God aan sy kinders.

DAADWERKLIKE SENDINGSWERK

"Vlieg waar paaie eindig." Dit is waaraan 260 vlieëniers en 100 vliegtuigmonteurs werk. Altesaam word 200 vliegtuie in 32 lande in die lug gehou. Al hierdie mannekrag word benut om duisende sendelinge in hul werk te ondersteun. Hierdie is mense wat die daad by die woord voeg om die lig van die evangelie verder oor die wêreld te versprei.

MAF

Die *Mission Aviation Fellowship* (MAF) is 'n organisasie wat homself beywer om die werk van sendelinge op alle moontlike maniere te verlig en meer effektief te maak. Hulle is ook betrokke by die aflewering van inligting en voorsienings op die sendingsvelde deur middel van vliegdienste en e-pos fasiliteite. Die MAF is tydens/na die Tweede Wêreld Oorlog deur Christelike oorlogvlieëniers opgerig wat besef het dat 'n mens beter dinge met vliegtuie kan doen as net bomme gooi. Die interessante is dat daar tegelykertyd organisasies in die VSA, Europa en Australië tot stand gekom het. Hulle het 'n aantal jare afsonderlik gefunksioneer, maar is later saamgevoeg onder die naam MAF. Dit het gegroei tot wat vandag waarskynlik die grootste sendingsorganisasie is – in elk geval een van die grootste vliegtuigmaatskappye in die klein lugvaart. Dit is 'n interkerklike organisasie wat alle sendingsorganisasies ondersteun. Nadat hulle hierdie werk begin het, het die evangelie baie vinniger van die kusgebiede na die binneland versprei. Tot vandag toe word verkenningsvlugte oor gebiede uitgevoer waar nog nooit iemand van buite af was nie. Die sogenaamde wit velde – gereed vir die oes – word dan gekarteer en hopelik vinnig met die evangelie bereik.

In die begin is daar met Piper Cubs (klein, tingerige vliegtuigies) gevlieg. Met verloop van tyd het die aanvraag groter geword en nou word daar gevlieg met Cessna 208 Caravans, Twin Otters, Cessna 210, King Airs, watervliegtuie en helikopters om maar 'n paar te noem. Die Piper Cubs maar ook al die ander vliegtuie was daarvoor geskik om groot afstande te oorbrug en op *bush*-landingsbane te land. Hierdie vliegtuie beskik oor moderne toerusting. As gevolg hiervan kan daar ook beter en veiliger gevlieg word.

Bush-vlugte vereis baie van die vliegtuig, daardeur is daar ook 'n hoogstaande onderhoudsprogram deur die MAF ingestel.

Die werk van die MAF is baie belangrik. Dink maar aan hoe lank die Voortrekkers gevat het om van Kaapstad na Pretoria te kom. Vandag word hierdie afstand binne 'n paar ure met 'n vliegtuig oorbrug. So het die meeste sendelinge ook gereis toe daar nog nie lugvervoer beskikbaar was nie. Sendelinge woon baie keer in afgeleë gebiede wat nie met 'n motor bereikbaar is nie, byvoorbeeld lande in Afrika waar die paaie weggespoel of deur oorlog vernietig is. Of dink aan Papua (Irian Jaya) waar daar glad nie paaie is nie. Dieselfde afstand wat jy in 24 uur te voet aflê vat 15 minute deur die lug. Die tyd wat sendelinge nou aan reis bestee is aansienlik korter. Hierdeur kan daar meer werk verrig en meer gebiede besoek word.

Dis nie net sendelinge wat voordeel uit hierdie tydsverkorting trek nie. Afgesien van die primêre taak – "die sending ondersteun" – span die MAF homself ook vir sy naaste in. Hiermee bedoel ek die hulp aan mense wat in nood is en nie noodwendig Christene is nie. Dink aan die oorstromings in Mosambiek. Hier het die MAF vir die VN gehelp met die verspreiding van voedsel en komberse deur die hele land. Die klein vliegtuigies van die MAF kon land waar die groot vliegtuie gesukkel het. So wys jy die mense deur middel van humanitêre hulp die liefde van Christus.

Toelatingsvereistes

Om die veiligheid van passasiers te bevorder moet die MAF oor goed gekwalifiseerde vlieëniers beskik. Voor jy by hulle kan werk, moet jy eers aan sekere voorwaardes voldoen. Dit hou onder andere in dat jy 'n kommersiële vlieglisensie, *instrument rating* en 'n minimum van 500 vliegure moet hê. Jy moet ook 'n gesertifiseerde monteur wees, want jy kan op 'n pos geplaas word waar jy alleen is. Dit is dan uiters

belangrik dat jy die vliegtuig kan vlieg en kan onderhou. Hulle kyk natuurlik ook of jy geskik is vir *bush*-vlieg. Dit klink met die eerste oogopslag miskien ‘n bietjie snaaks maar *bush*-(boendoe)vlugte verskil baie met “gewone” vlugte.

As ‘n mens hier in Suid-Afrika rondvlieg, het jy oral radiobakens wat jy in die vliegtuig kan ontvang. Met behulp van hierdie radiobakens kan jy presies bepaal waar jy is. Verder het jy ’n goeie gedetailleerde kaart wat alles wat belangrik is bevat. Daarby is inligting oor die weer oral verkrygbaar. As jy vir die MAF gaan vlieg, vlieg jy meestal in gebiede waar niemand anders vlieg nie - anders sou die werk oorbodig wees. Dit hou ook in dat jy meestal oor gebiede vlieg wat nog nie goed gekarteer is nie en waar ook nog nie radiobakens is nie. Weerkundige gegewens moet jy maar self bepaal. Jy moet dus heelwat meer voorbereiding doen. Jy moet onder andere die gebied leer ken en as’t ware weet waar jy links en regs moet draai. Verder is die meeste vliegvelde deur die MAF en die sending self aangelê. Om koste te bespaar word daar meestal nie meer bome uitgekap as wat regtig noodsaaklik is nie. ‘n Mens het dus nie baie speling tydens landing en opstyg nie. Dit sorg vir baie ekstra stres en dit moet jy kan hanteer. Jy het nie net jou eie lewe om op te pas nie maar ook dié van jou passasiers.

Verder moet ‘n mens ook een jaar Bybelskool volg. Soos ek alreeds gesê het is die MAF ’n Christelike organisasie. Daarom word daar van die medewerkers verwag dat hulle weet waar hulle staan. Waar moontlik moet hulle ook insette in die gemeentes waar hulle lidmate is, gee. Jy is ook as vlieënier besig met die verspreiding van die evangelie. Dit moet nie net in die kerk nie, maar kan ook op vliegvelde en in vliegtuie gebeur. Dit is nie onmoontlik nie en gebeur ook werklik dat jy by ’n groep mense kom wat heeltemal verwar is. Dit kan die familie van ’n sieke wees of selfs ’n groep toeriste wat die verste hoeke van die aarde wil besoek. Hulle sien jou as vlieënier as die uitkoms van hulle probleme, want jy kan hulle na die hospitaal bring of met die buitewêreld verbind. Dit is dan baie belangrik dat jy hulle duidelik op ons enigste egte Redder wys.

Ons Opleiding

Ek is Christiaan Haak en is getroud met Marieke Haak (De Wit). Ons is besig om onsself voor te berei om vir die MAF te gaan werk.

Ons spits ons toe op Papua (Irian Jaya, Indonesië) omdat dit die enigste land is waar die sendingswerk van ons susterkerke gebruik maak van MAF. As jy dus daar werksaam is, beywer jy jou ook nog ’n bietjie vir jou eie kerkverband.

‘n Mens begin nie sommer met ’n vliegopleiding nie. Ek het op hoërskool agtergekom dat ek graag vir die sending wil gaan werk. Saamgevat is daar dan twee moontlikhede, sendeling (dominee) of ontwikkelingswerker. Ek het laasgenoemde gekies met die vooruitsig om vir die MAF te gaan werk. Na hoërskool het ek eers gaan studeer en ook my graad in vliegtuigoperasie ontvang.

Marieke is ’n arbeidsterapeut wat op die oomblik by die huis werk om vir ons dogtertjie, Lianne, te sorg.

Ons het albei ’n jaarkursus in Sending en Evangelisasie aan Wittenberg in Zeist, Nederland, gevolg. Ek het in 1996 begin vlieg en onlangs ook my kommersiële vlieglisensie met *instrument rating* behaal. Voorts het ek ook ruimskoots 300 ure vliegervaring. Ek het sowel in Nederland as in Suid-Afrika al heelwat gevlieg. Nou moet ek nog die res van die vliegure bymekaar kry en my monteursopleiding volg. Aangesien dit nie moontlik is om die monteursopleiding in Suid-Afrika te volg nie hoop ons om aan die einde van die jaar na die VSA te gaan. Hopelik kan ons DV middel 2003 ons by die werkers van die MAF voeg. Op daardie manier wil ons help om die evangelie oor die hele wêreld te versprei sodat die volheid van Gods Koninkryk bereik kan word.

Wat kan jy doen?

Spreek hierdie werk jou aan of wil jou ook lid wees van die groot MAF ondersteuningsgroep? Hier volg 'n paar dinge wat jy sal kan doen:

Soos met alle sendingswerk is dit onmoontlik vir die sendingswerkers om dit alleen te doen. Almal het immers die sendingsopdrag (Matt. 28:19) ontvang. Jy is deur ons Here Jesus Christus gered en soek immers ook die redding van jou medemense. As Christen moet jy bereid wees om uit liefde (lees 1 Kor 13) offers te maak vir die evangelie. Of dit nou is dat jy self uitgestuur word en of jy nou jou tyd en geld daaraan bestee. Dit is belangrik dat ons as een liggaam daaraan saamwerk en dat die werk ons hoogste prioriteit ontvang. Ons kan ook nooit uitgestuur word as ons nie julle ondersteuning kry nie. Daarom vra ons dat julle vir ons wil bid. Dit is die belangrikste manier van ondersteuning. Verder, waar dit moontlik is, kan jy altyd hierdie werk finansieel ondersteun. Ons is naamlik die res van ons lewe van borge afhanklik. Die MAF self betaal nie salarisse en opleidingkoste nie. As jy op hoogte wil bly oor die ontwikkelinge waardeur ons gaan en hopelik op die sendingveld gaan meemaak dan kan jy vryblywend die nuusbrief ontvang. Kontak my gerus indien jy belangstel in verder inligting.

Ons wil die redaksie van die Olielamp hartlik bedank vir hierdie manier van publisiteit.

Met vriendelike groete,
Christiaan & Marieke Haak
Tel: (012) 335-7371
E-pos: chaak@bigfoot.com

SING UIT VOLLE BORS!

Jan Geerts

Kolossense 3:16: *"Laat die woord van Christus ryklik in julle woon in alle wysheid. Leer en vermaan mekaar met psalms en lofsange en geestelike liedere, en sing in julle hart met dankbaarheid tot eer van die Here"*
(Ef. 5:19)

Hier word aangedui wat die ware weg is, waar die gehoorsaamheid aan die regte vermanings gevind word. In hierdie woord lê die bron en maatstaf vir alle gehoorsaamheid in geloof. Sonder twyfel moet daar by hierdie vermanings aan onderlinge byeenkomste gedink word. Dit blyk uit die woorde wat volg: *"leer en vermaan mekaar met psalms en lofsange en geestelike liedere"*.

Die erediens is waar God met sy gemeente spreek en sy gemeente antwoord met lofsange; na die seëngroet, na die wet, na die skriflesing en na die preek. Die dominee kies die Psalms nie na willekeur nie bv dié ene het ons lanklaas gesing en dié een het 'n mooi wysie nie. Hy kies Psalms soos ons God moet antwoord as God met ons spreek. Die antwoord moet pas.

As jy sing, dink na oor wat jy sing. Dit gebeur met my dat ek sing, maar kan agterna nie vir jou sê wat ek gesing het nie, want my gedagtes was êrens anders. Konsentreer as jy sing.

Sing uit volle bors, al irriteer die orrelis se spel jou, of die persoon langs jou of as jy is nie in 'n goeie bui nie. Om te sing bring my ten minste in 'n goeie bui.

Hou altyd die doel voor oë, ons sing tot God uit dankbaarheid vir sy genade aan ons en om mekaar te leer en te vermaan; dan is die ander dinge bysake wat niks beteken nie.

In die erediens is nie die enigste plek waar jy kan sing nie. Soos by ons by die huis sing ons in die aand, nadat ons Bybel gelees en gebid het, nog 'n Psalm. Dit wat ons van die aarde in die hemel sal terugvind, is die sing van liedere. Dink daaraan wat 'n persoon mis wat doofstom is, dit is nie vanselfsprekend dat jy kan sing nie. Al sing die een beter as die ander, is dit nog steeds die gesindheid waarmee jy sing wat belangrik is; dus konsentreer as jy sing en dink na oor wat jy sing.

NEDERLAND: 'N LAND VAN MELK EN HEUNING?

Naomi Schuring

Ons hele gesin was onlangs in Nederland. Dit was vir ons almal 'n geleentheid om te sien hoe dit daar lyk en wat die mense daar doen. Nou wil ek van die geleentheid gebruik maak om aan julle te vertel wat my ervaring en siening is van Nederland.

Omgewing

Nederland het soos elke land sy eie bekoring. Orals waar jy kom is daar 'n lae
horison sodat dit moontlik is om tot die volgende dorpe se kerktorings en geboue te sien. Waar jy ookal gaan is daar **GROEN** gras (dit is natuurlik nou somer), water windmeulens, brûe, veldblommetjies, skape, koeie en huise, huise en nogmaals huise.

Besienswaardighede

Daar is soveel om te sien en omdat dit sulke lekker weer was, het ek die minimum museums gaan besoek. Die plekke wat ek gesien het was oa:

Keukenhof. Die beroemde tuin met haar pragtige blomme was 'n fees vir die oog.

Gouda. Die gesellige stadjie met die pragtige stadhuis en St. Jans kerk. Die son het die glas- en loodvensters laat skitter en die diepte van die kleure kan jy nie vasvang op 'n foto nie. Om dit self te kan sien is 'n ervaring.

Barneveld. Ek het met die trein gereis om vir Jolandi te gaan kuier. Dit gaan baie goed met haar en sy stuur groete aan julle almal.

Madurodam. Die bekende miniatuurstad, nog altyd die moeite werd om te besoek wanneer jy te min tyd het om al die plekke en geboue in werklikheid te sien.

Katwijk aan Zee. Dit is 'n pragtige plekkie by die see met 'n groot breë strand. Katwijk was vroeër 'n vissersdorpie en dit was 'n harde bestaan vir die manne sowel vir die vroue. Ons het dit uitgevind in die museum. Die Nederlandse kus lyk anders as ons kus. Die see lyk soos 'n dam met klein branders en die water is *yskoud!*

Rotterdam. Jy kan per trein, trem, moltrein (metro), bus en motor hierdie groot en moderne stad bereik. Wat jy in Rotterdam nie kan kry nie, kan jy nêrens kry nie. Ek het met verstomming gestaan en kyk na die verskeidenheid produkte wat beskikbaar is. My mond het van verbasing oopgeval toe ek in die Biblioteek instap. Dit is nie net een verdieping nie, maar maklik vier/vyf verdiepings! Dieselfde met die groot boekwinkel "Donner". Vloer na vloer is volgepak met boeke, cd's en bladmusiek. Buite in die strate is daar orals eetplekke waar jy buite kan sit en almal is in so 'n goeie bui wanneer die son skyn!

Archeon. Dit is 'n opelug museum in Alphen a/d Rijn. Die verskillende tydperke soos: die middeleeue, steentydperk, Romeinse tydperk word voorgestel deur geboue wat hulle opgerig het en die mense wat daar werk is dan die bewoners. Jy kan by 'n huis instap en dit is bv. 'n skoenmaker. Daardie persoon vertel jou dan hoe hulle die skoene vroeër gemaak het en hy/sy is dan fisies besig daarmee. Daar is 'n klooster, 'n griekse tempel, 'n romeinse colosseum en 'n herberg, net om 'n paar te noem. Dit was baie interessant en heeltemal iets anders as 'n gewone museum.

Siening van Nederland

Wanneer 'n mens met vakansie gaan sien jy meestal net die goeie dinge raak en is besig met lekker dinge. Maar omdat ek ook baie familie in Nederland het, het ek ook hulle siening onder eie oë geneem. Wat my opgeval het is dat jy in elke winkel waar jy instap goeie kwalitiet produkte sien en vriendelike diens ontvang. Wanneer jy 'n vraag het kan hulle jou antwoord want hulle het kennis van die produkte. Dieselfde wanneer jy by 'n bank of maatskappy instap. Hulle moet sorg dat hulle die kliënt tevrede stel. Omdat Nederland 'n welvarende land is, verkeer die land onder geweldige druk van alle kante. Die mense moet teen 'n vinnige tempo werk om alles te hou soos wat dit is en dan nog te verbeter. Elke maatskappy wil tog graag goeie resultate en verbetering sien. Dit beteken daar is nie tyd vir speel nie. Alles moet vinnig-vinnig gebeur. Daar is kontak met ander lande en die tydsverskille moet in rekening gehou word wat beteken dat daar ook laat in die aand nog besigheid gedoen moet word. By sommige maatskappye word die hoeveelheid werk net meer en meer en daar is te min mense wat die werk kan doen. Mens hoor van groot hoeveelhede mense wat oorwerk en oorspanne is. Daar is 'n geweldige aantal mense wat depressief is. Die statistieke het onlangs aangewys dat Nederland een van die lande is met die hoogste kindermishandeling. Die mediese dienste het onlangs gestaak. Daar is nou meer stakings by die spoorweë. Wat sê dit vir jou? Wat sê dit van die samelewing? Daar is hordes buitelanders oa. Marokane en Turke wat die land binnestroom. Wat gaan dit inhou vir die toekoms?

Ons hoor altyd dat dit goed gaan in Nederland. Dit is ook so. Nederland is ryk en die ekonomie floreer, maar is dit al wat saak maak? Welvaart is lekker, maar dit hou 'n gevaar in. Wanneer jy alles het wat jou hart begeer en alles op 'n skinkbord kry raak jy

verveeld en lui. Jy is nie meer op soek na iets nie, want jy het dit al. Gaan jy dan nog dankbaar wees vir wat jy het? Die mens is nie gemaak om bedien te word nie, maar om te DIEN. Besef hulle dit nog? Is dit nog ‘n gesonde samelewing wanneer die tydskrifte oorloop van pornografie en amper elke advertensie gerig is op seks? Die hele land is vergiftig met “grafitti”. Dwelms is maklik verkrygbaar. Die kinders op straat toon geen maniere nie. Is dit dan net ‘n land van melk en heuning?

Ek weet dat jy by elke liewe land dieselfde kan doen. Daar is altyd ‘n negatiewe en ‘n positiewe kant. Ons samelewing gaan ook agteruit. Streng gesproke boer ons lieflik agteruit. Die meeste van ons jongmense moet eers studeer voordat daar enige moontlikheid is om werk te kry. Jy moet alles insit voordat jy ‘n goeie pos kan beklee. Jy moet aan die begin tevrede wees met ‘n klein salaris omdat ervaring belangrik is! So ploeter ons maar voort dink ons dan by onsself, maar ons leer om te vertrou en geduldig te wees. En die Here is nog steeds goed vir ons, Hy het ons almal lief en sal ons nooit verlaat nie.

Slot

Ja, ek het ‘n gevoelige onderwerp aangeraak en ek besef dit. Daarom staan ek oop vir enige kommentaar. Ek het my siening van Nederland opgesom deur dinge wat ek gesien het, wat ek ervaar het, en wat my familie vertel het.

SEKS VOOR DIE HUWELIK

Jaco Haak

“Sex is one of the pleasures of life…” is ‘n frase wat ons maar te gereeld teëkom. Dit word so deur woorde of visueel daagliks uitgebeeld. Dit val saam met al jou ander normale aktiwiteite soos eet, sport, werk, ens. Dit word ook aangewend om baie geld te maak. Die wêreld maak hope geld uit vandag se ‘oversexed’ samelewing. Die media breinspoel ons dat die lewe daarom draai en alles begin ‘n suggestiewe betekenis aanneem. Skadelose advertensies van selfone en kitskos wat mens nie verwag suggestief sal wees nie, walg ‘n mens. Nadat ek Steers se advertensie gesien het, het ek nooit naby die plek gekom nie, ek sou nie my kos in my maag kon hou nie!

En ons praat dan nie eens oor die gewone TV-programme nie! Ek weet nie van julle nie maar ek sukkel maar om 'n ordentlike program te kry wat nie ‘n nasmakie laat nie.

Hoe staan ons hierteenoor as Christene, want as ons nie stewig vas staan nie is die kans om te val groot. Dit staan nie ver van ons af nie, ons word by skool, universiteit, tech ens. gereeld daarmee gekonfronteer, al is dit nie altyd direk nie. Wat glo ons t.o.v. seks of voorhuwelikse seks of is die vraag eerder oor die huwelik?

Kom ons kyk eers na Voortplanting

Die gehoorsaamheid aan die bevel van God om vrugbaar te wees en om op die aarde te vermeerder, geskied deur middel van ‘n biologiese proses geslagtelike gemeenskap.



Dit op sigself is ‘n ingewikkelde proses, maar die Skepper het die man en die vrou só geskep dat hulle dit met vreugde (begeerte) wil doen. ‘n Roomse geleerde, Abbè Geslin, gee daaroor ‘n interessante beskouing. Hy vergelyk die plig tot voortplanting, wat hy generasie noem, met die plig om voedsel in te neem tot instandhouding van die persoonlike lewe. Dit noem hy “manduktasie”. Hierdie manduktasie, sê hy, is op sigself ‘n ingewikkelde proses wat maklik verontagsaam sou kon word, maar die Skepper het in die spyse ‘n soetheid en lekkerte gelê en in die mond van die mense organe om dit te kan proe en geniet. Daardeur neem die mens die voedsel met graagte in. Op dieselfde manier het die Skepper ook die generasie genotvol gemaak. Hierdie genieting lê in die ligaamlikheid van die beide geslagte. Hy lê in die man genietinge vir die vrou en in die vrou genietinge vir die man. Hierdeur voel hulle tot mekaar aangetrokke, so vind hulle mekaar, en in hulle vereniging volvoer hulle graag die wil van God: wees vrugbaar en vermeerder. Ons wil nog iets van die sede-leraar siteer. Geslin sê: As die plig vervul is, is die genot verby, sowel by manduktasie as generasie. Die genot is ondergeskik aan die plig. Om die genot te neem sonder om die plig te vervul noem hy sonde.

Die ontmoeting met God as hoogste doel

As ons op die gradering in die verskillende onreinheidsgevalle (Lev. 15:18) let, bemerk ons dat in die geval van seksuele verontreiniging die reinigingsbepaling maar gering is: ‘n bad neem – geen offers of iets anders nie. Verder duur die onreinheid maar kort: tot die aand. Maar hoe gering ook – tog het die Here die bepalings gemaak. Waarom? Op hierdie vraag kan ons die antwoord by Paulus vind. Manduktasie en generasie is belangrik en onontbeerlik. Tog is daar dinge wat belangriker is: dit is die godsdiens, die ontmoeting met God. In aardse verhoudings

moet selfinstandhouding en voortplanting vir die diens van God wyk. Maar in die hemelse verhoudings kom beide tot hoër eer. Dieselfde dinge wat in aardse verhoudings vir die diens van God belemmerend kan wees, sal in die hemelse verhoudings bo alle aardse beperktheid uitgehef word om juis kenmerke van diens van God te word.

Die ewige geluk word juis vir ons in ‘n groot maaltyd uitgebeeld. “Die HERE van die leërskare sal op hierdie berg vir al die volke berei ‘n maaltyd van ou wyn, van vetspyse vol murg, van gesuiwerde ou wyn” (Jes. 25:6). In die vleeslike eenwording is ‘n verborgenheid waaroor Paulus nie verder wil uitbrei nie, maar hy noem dit net met die oog op Christus en die gemeente (Ef. 5:32). Christus is mos die bruidegom en die gemeente sy bruid.

Die twee heerlikhede van die ewige toekoms – die maaltyd en die gemeenskap met ons hemelse Bruidegom – word op een beeld saamgevoeg en vir ons geteken as die Bruilof van die Lam, want bruilof is mos die huweliksmaaltyd. Johannes het die juigstem gehoor (Opb. 19:7): *“Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die heerlikheid gee, want die bruilof van die Lam het gekom en sy vrou het haar gereed gemaak”.* Dit is die hoogste doelpunt van die Evangelieprediking soos Paulus sê: Hy is jaloers oor die gemeente met ‘n goddelike jaloersheid, *“want ek het julle aan een man verbind om julle as ‘n reine maagd aan Christus voor te stel”* (2 Kor. 11:2).

Hoe staan ek teenoor sensasionele sienings?

Waak daarteen
As gelowige moet ek, in die eerste plek, ernstig waak dat ek nie deur hierdie sensasionele sienings van seks en huwelik geïndoktrineer of gekondisioneer word nie. As ek die donker kelder ingaan, spring ek nie roekeloos daarin nie, maar beweeg voetjie vir voetjie na binne tot my oë geleidelik gewoond geraak het aan die donkerte. So maak die sonde ook met my. Dit bespring my nie soos ‘n wilde dier ineens nie – dit breinspoel my geleidelik. Soos ‘n dief wat by ‘n huis wil inbreek, eers die draad van die alarmstelsel knip, so knip die sonde die alarmstelsel van ons gewete af en maak ons ongevoelig vir die vermaning van God se Woord, van die kerk en van ons ouers. En voordat ons dit agterkom, het die duiwel hierdie goddelose seksuele sienings in ons hart en liefdeslewe ingedra! Laat ons daarom waak en nugter wees (1 Tim. 3:6).

Stry daarteen
In die tweede plek moet ek as gelowige ten bloede toe teen hierdie sondige sienings stry. Dink aan Josef. Toe Potifar se vrou hom tot ‘n sedelose daad wou verlei (Gen. 39:7 en 10), het hy volhardend “nee” gesê. Wat was sy rede? Dit is ‘n groot kwaad, ‘n sonde (Gen. 39:9). Dit sou vir Josef ‘n sondige daad teen sy medemens wees. Mag ons in ons stryd teen seksuele ontaarding dit ook altyd besef. As ‘n jongman en ‘n meisie ‘n liefdesverhouding het, moet hulle tog nie dink dat hulle dáárom reg op mekaar se liggame het nie. As God hulle nog nie in die huwelik saamgevoeg het nie, is elke seksdaad ‘n ontering van mekaar as medemens – al is jou medemens ook in hierdie geval ‘n lieflike wildsbokkie en aanvallige steenbokkie wat God aan jou toevertrou het (Spr. 4:19).

Josef sê ook "nee" omdat dit ‘n groot kwaad teen homself sou wees. Paulus skryf aan die Korintiërs: *“Enige sonde wat ‘n mens doen is buite die liggaam; maar wie hoerery bedryf, sondig teen sy eie liggaam"* (1 Kor. 6:18). En dan vra die apostel: *“Of weet julle nie dat julle liggaam ‘n tempel is van die Heilige Gees wat in julle is …en dat julle nie aan julleself behoort nie?”* (1 Kor. 6:19). Mag ons die seksdaad buite die huwelik as ‘n ontering van onsself sien en daarom vurig stry om ten alle koste ‘n goeie gewete te behou (1 Petr. 3:16).

Maar Josef sê ook “nee” omdat dit sonde teen God sal wees. “Hoe kan ek dan hierdie groot kwaad doen en sondig teen God?” Onkuisheid is in die eerste en laaste instansie sonde teen God en sy gebod. Dawid het dit ook besef toe hy na die sonde met Bátseba uitgekerm het: “Teen U alleen het ek gesondig en gedoen wat verkeerd was in u oë…” (Ps. 51:6). Mag ons in ons stryd dit altyd besef!

Vlug daarvan weg
In die derde plek word ek as gelowige opgeroep om van hierdie sondige sienings weg te vlug. Paulus skryf aan Timoteus: “Maar jy, man van God, vlug van hierdie dinge weg …” (1 Tim. 6:11). Dit het Josef ook gedoen. Toe die vrou “nee” nie as ‘n antwoord wou aanvaar nie maar hom aan sy klere gegryp en hom openlik tot sonde uitgelok het, het Josef sy kleed agtergelaat en gevlug. So word ons ook opgeroep om nie net “nee” te sê nie, maar om te vlug. Ons moet tog nie dink ons is opgewasse om teen die seksuele verleiding in eie krag weerstand te bied nie. “Wie meen dat hy staan moet oppas dat hy nie val nie” (1 Kor. 10:12). Ons moet wegvlug van die boek wat hartstog aanblaas, van die films met seksprikkeling, van die vreemde maats met hulle onrein gedagtes. En as jy agterkom dat jou vriend(in) se belangstelling in jou net bloot vleeslike wellus is, breek die verhouding, vlug weg, al kos dit jou soveel hartseer en smart.

Bid
Bo alles moet ons bid. Waar het Daniël die geloofsmoed gekry om “nee” te sê vir die spys en drank van koning Nebukadnésar? Waar het Daniël die selfverloëning ontvang om jaar in en jaar uit slegs

groente te eet en water te drink, terwyl die tafel van die koning gedurigdeur met die beste spyse gedek is wat Babel in daardie tyd kon aanbied? Daar is maar net een antwoord: deur die gebed. Daniël het drie maal op 'n dag op sy knieë geval en gebid en lofprysinge voor sy God uitgespreek (Dan. 6:11). Laat ons met die swaard van die Gees – dit is die Woord van God – met alle gebed en smeking by elke geleentheid in die Gees bid (Ef. 6:17,18), met die jubeling in die hart: "Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee" (Fil. 4:13).

Bronnelys :
Het Huwelijk Gewogen – Dr. J. van Bruggen
Huwelijk en Zeden – Groen van Prinsterer Stichting
Venster op die Huwelik

Sê jou sê

A ROCK AND THE ROCK

A man was given the following task to do: There was a large rock in front of his cabin. His task was to push against the rock with all his might. So, this the man did, day after day.

For many years he toiled from sun up to sun down; his shoulders set squarely against the cold, massive surface of the unmoving rock, pushing with all of his might. Each night the man returned to his cabin sore and worn out, feeling that his whole day had been spent in vain.

Since the man was showing discouragement, an adversary decided to enter the picture by placing thoughts into his weary mind about the futility of his task: "You have been pushing against that rock for a long time and it hasn't moved." Thus, giving the man the impression that the task was impossible and that he was a failure, and that nothing was gained by it.

These thoughts discouraged and disheartened the man further. "Why kill myself over this?" he thought. "I'll just put in my time, giving just the minimum effort; and that will be good enough." And that is what he planned to do ...

... Until one day he decided to make it a matter of prayer and take his troubled thoughts to the Lord. "Lord," he prayed, "I have laboured long and hard in your service, putting all my strength to do that task which you have asked me to do. Yet, after all this time, I have not even budged that rock by half a millimeter. What is wrong? Why am I failing in this task?"

The Lord responded compassionately, "My son, when I gave you salvation, and asked you to serve Me and gave you a task to do, I told you to do that task (to push against the rock) with all of your strength and might, which you have done.

Never once did I mention to you that I expected you to move the rock. Your task was to push! And now you come to Me with your strength spent, thinking that you have failed. But, is that really so?

Look at yourself. Your arms are strong and muscled, your back sinewy and brown, your hands are callused from constant pressure, your legs have become massive and hard and well used.

Through opposition and difficulties you have grown much, and your abilities now surpass that which you used to have. Yet you haven't moved the rock...

... but your calling was to simply be obedient to my demand, to push, to exercise your faith, and trust in My wisdom. This you have done.

Now I, My son, will move the rock."

How many times are there not difficulties in our lives, which we take a long time to deal with, but which are never ever really 'overcome' as we see it?

Our work, Student work, Family issues and difficulties, Relationships, Social problems, Home-work problems, Schoolwork problems?

We can only work with these, growing in faith, perseverance, in spiritual strength, in hope, in LOVE - step by step. We will go through highs and lows, but our true joy must remain. We can develop a type of 'tough love' or hard love that endures always. Nor can we expect the difficulties to 'just' disappear. Sin remains. Hard and heavy rocks remain.

We may say "Mountain, Rock, be removed and cast into the sea." And our Lord Jesus said that 'if you have the faith of a mustard seed, you will be able to say to that mountain, move, and it will move, be thrown into the sea, etc..'

But is it our strength and faith that moves the mountain? Is it not the Lord alone who can truly move the mountains?

Perhaps there are mountains in our own minds and thoughts? Are there mountains in turning hearts, from hearts of stone and wood, to hearts of flesh and blood? Mountains in our hearts and minds only our Lord can move?

Often the Lord leaves mountains in our lives to help us grow in faith, trust, love, hope, and perseverance. That rock, which we touch and feel and push at, Remains, and it is a real problem.

But the things we cannot yet touch and feel will come - the things we hope for eternally - a time of true love and peace and joy in heaven, and this we have not yet seen!

JOY - Jesus first; Others second; Yourself last
- Based only on the Rock of Christ.

Some walls we cannot climb,
... God provides the door to Him,
Some doors we cannot open,
... God provides a window to heaven,
Some rocks we cannot push,
... God wants us to stand on that Rock,
the Rock of Christ, our cornerstone of His salvation.

TWO TRUE STORIES - ONE COMMON THREAD

A mission worker went to work among some unreached people groups (tribes unreached by the Gospel) in Irian Jaya - cannibal tribes. Another went to work in Africa among unreached tribes - tribes with leprosy and terrible diseases.

After 7 years in Irian Jaya the mission worker returned, having been unable to reach the people, and having only been able to get together the basics of the language there. A language that was oral only - with no written form at all. They did not even have any word for 'sheep', they raised only pigs - so he had to rely on calling Christ the son and the 'pig' of God - to give them some concept of God's caring for His children and His Son.

After 20 years in Africa the mission worker returned, having lost and buried his family due to disease and sickness, and having left behind an adopted and orphaned son, who was only 8 years of age.

Other people picked up the threads and work from these mission workers.

The Irian Jaya tribes that had formerly been unreached became 'reached by the Gospel' – through the WORK of a team of fresh mission workers, who made use of the previous language discoveries and went through a thorough translation process. Ultimately GOD ACCOMPLISHED this work, using faithful servants who continued to PUSH.

These tribes went from being the most violent and cannibalistic tribes to being the most peaceful ... carrying versions of the Bible in their languages by preaching and witch-ward, in their canoes, throughout many of the regions they lived in.

The African tribes that had formerly been unreached also became 'reached' by the Gospel.
The once 40 year old, discouraged, mission worker, who had been in Africa, and had returned to his home country, one day heard about a visiting preacher from Africa. He was about 70 years old already. He decided to go and listen to this man's presentation on mission work and needs in Africa.

The preacher from Africa was none other than the once adopted and orphaned boy in his family. This boy had heard the Gospel from other mission workers later in life, and connected it with stories he had heard when he was young. He studied God's Word, became a minister, and established churches in his home area. There were now 12 000 followers among numerous churches in his state. (Later on the threats of socialism and communism diminished the numbers in later generations!)

God used a seed He had planted - using man's work and planting. He helped that seed to grow - using man's watering. God gave the growth. God moved the rock.

What God requires in His covenant is a simple obedience and faith in Him. Knowledge, confidence, work! By all means, exercise the faith that moves mountains, but know that it is still God who moves mountains.

When everything, EVERYTHING, seems to go wrong... just P.U.S.H.!
When the job or work or task gets you down
... just P.U.S.H.!
When people don't react the way you think they should... just P.U.S.H.!
When your money looks "gone" and the bills are due
... just P.U.S.H!
When people just don't understand you
... just P.U.S.H.!

P = Pray and Persevere
U = Until U
S = See Something
H = Happen or Halt

Remember - our Lord knows what is best for us,
His answers include: Yes, No, and Wait.

In the Tapestry of God's Kingdom and Church Gathering work, He sees the perfect pattern on the Upper Side in heaven - while we often see only knots and bumps and threads on the under side on earth.
In the concert of Life, no one receives a Program.
Trust God, that He works all things out for your good, and remain faithful to Him.

Rehobot

Gen 26:22 : " Nou het die HERE vir ons ruimte gemaak"

Jeug van die Vrye Gereformeerde Kerk te Bellville

SLEUTELGAT

Hi maters!!

Dis weer tyd om deur die sleutelgat te loer, so skuif almal nader. Ek kyk al ‘n geruime tydjie daardeur en my oë is al in ‘n spasma geloer, maar dis nou eenmaal jou lot as jy die sleutelgatloerder is…

Al is nie almal bewus daarvan nie, is die Kaapse jeug aan die woel en werkskaf, sodat ALMAL aan die einde van die jaar kongres toe kan gaan. Nadat ons die Boesman se boodskap in die vorige *Olielamp* gelees het, is ons baie opgewonde en ons het die datum met groot kruise in ons dagboeke afgemerk.

Carina en Corrien is aangestel om worsbroodjies te verkoop by die jaarlikse volleyball-dag. Ondanks die “skrikwekkende opkoms”, is daar darem nie ‘n verlies gely nie danksy die handjievol mense wat daar was en wat goedgunstelik hulle beursies vir ons omgedop het. Die volgende aksie gaan ‘n (heel oorspronklike) klereverkoping wees.

Marc en Wietske het groener weivelde in Nederland gaan soek. Sterkte met alles daar ver in die koue Kaasland! Ons het darem ook weer nuwelinge bygekry. Anita en Albert, ons hoop julle sal gou tuis voel hier in die beeldskone, asemrowende Kaap. Ons is bly julle het die lig gesien… Hulle habitat, Bondstraat 007, is ook al by Anita se verjaarsdag deur die jeug ingewy. Die vrugtepons en skons was ‘n ware delikatesse.

Nog ‘n verjaarsdagmaatjie was Karen. Omdat haar kamer nie groot genoeg sou wees vir die skare partytjiegangers nie, het Sonja haar huis beskikbaar gestel vir die *feesje*. Dit was inderdaad ‘n feestelike aand. Selfs ons besoeker uit Pella was daar! Ewart en Maarten kon nie uitgepraat raak oor hulle rolmodelle, Westlife, nie. Toemaar, julle sal daaroor kom. Karen het vir heerlike pizzas gesorg – ons magies was weer trommeldik. Thanks Karen!

‘n Mens mag dalk dink dat die *Waterfront* al afgesaag is na al ons vele besoeke daarheen, maar dis nie die geval nie. Haallo, die Kaap is *kief!* ‘n Klein groepie van die jeug het daarheen gegaan om ‘n te gaan *chill*. Dit was darem maar vir jou woes lekker hoor! Die alreeds “klein groepie” het in twee mini-groepies verdeel – die een het gaan romanties verkeer op die rotse en die ander, onder leiding van Jakes, het die *Waterfront* rooi geverf.

Well, that’s all folks!

Die Sleutelgatloerder

VOETSPOOR

Hier 'n groet van 'n baie koue voetspoortjie. Ja, die winter is op ons. In die koue is dit maar moeilik om uit die bed uit te klim en te swot of te gaan werk. As julle die artikel lees, is die eksamens gelukkig al deel van die verlede en kan jy lekker lank in jou warm bed bly lê. Dis nou te sê as jy nie hoef te werk nie. Ek hoop dat al die studente onder ons hulle goed van hul taak gekwyt het in die eksamen. Geniet die vakansie en rus lekker uit.

Koud of te nie, voetspoor kon nie keer om agter die voetspore aan te loop nie. Al is dit koud het daar darem tog so ’n paar dingetjies gebeur.

Christiaan Haak het met ons kom praat oor sy werk by die MAF en wat dit alles behels. Dit was vreeslik interessant en ook baie leersaam. Hier kon ons weer tot die besef kom oor hoeveel ons eintlik het en dat daar baie mense is wat met baie minder tevrede moet wees. Dan kan ons weer met dankbaarheid getuig,

eerstens omdat ons sowel het en tweedens dat ons die mense wat minder bevoorreg is, kan en mag help met dit wat ons het. Christiaan en Marieke, ons wil julle sterkte toewens met die voorbereiding en alles wat daarmee saamgaan. Ons dra julle en die MAF in ons gebede op aan die Here.

Dan was daar 'n minikongres waar ds Kleijn met ons gepraat het oor die tekens van die tye. Wat onder andere bespreek is, is waaraan dink ons as ons dink aan tekens van die tye? Ons probeer altyd die tekens uitwerk soos ons dit in die Bybel lees. Ons is geneig om te sê dat dit nog nie tyd is vir Christus om te kom nie, want die regte tekens het nog nie gekom nie. Of ons beweer dat die hele wêreld nog nie almal van Christus gehoor het nie.

Maar weet jy dit seker? Kan ons sê dat dit nog nie tyd is nie? Kan ons, na aanleiding wat in die wêreld en om ons gebeur, sê dat die einde naby is? Kan ons na aanleiding van dit wat hier en nou gebeur sê dat Christus vandag al kan terugkom? Ons weet dat die duiwel se mag al hoe sterker word en dat al hoe meer mense onder sy mag swig. Ons sien dit in die agteruitgang van die mensdom se geloofslewe. Ons weet ook dat die Here enige oomblik kan terugkeer, ons moet elke oomblik gereed wees. Ons sien Christus elke dag regeer in sy koninkryk deur tekens bv. oorloë, aardbewings en oorstromings. Ook is die Woordverkondiging 'n teken dat Jesus Christus nog regeer, Hy is

nog besig om sy verlossingswerk te voltooi. Voorwaar 'n baie leersame aand gewees.

Ná die lesing en bespreking, het ons nog heerlik sop en broodjies geëet en speletjies gespeel saam met die ouderlinge. Dit was nogal lekker om te sien wat ons ouderlinge nog kan en nie kan doen nie. Ja, sommige het ons selfs op ons neuse laat kyk. Wys jou, oud beteken nie noodwendig koud nie.

'n Nuwe lid het by ons aangesluit. Wynand, ons wil jou baie welkom heet by die jeug en in die gemeente. Ons is dankbaar dat die Here steeds sy kerk onderhou en aanvul. Ons hoop dat jy dit as 'n verryking in jou lewe sal ervaar.

'n Paar Nederlanders het ook alweer gekom en gegaan. Van hulle is nog hier om "stage" te loop. Ons hoop julle geniet dit in die land van sonskyn. Ek is seker dat daar baie is om hier te leer en dat julle verryk weer na julle land mag terugkeer. Hoop die heimwee-gogga byt nie te seer nie.

Voetspoor se voete is nou yskoud gestap en sal vinnig moet gaan inkruip voordat hy verkluim. Tot 'n volgende keer wanneer dit hopelik alweer bietjie warmer sal wees.

Wees gegroet.
Voetspoor

KONGRES 2001

Hallo julle almal!

Ons spannetjie kongres boesmans het met die vorige doringboomsitting die dor winterkoue Karoo-landskap verruil vir die warm behaaglike jongenshuis kombuis. Om tussendeur gulsige koue aan die boereworsrolletjies (dankie, Anita!) en warm stomende koffie te verfyn aan die kongresplanne. Verfyning van planne vir optimale effektiwiteit is tweede natuur by boesmans, want soos julle weet het boesmans gewoonlik net een kans op water of ‘n bok, en ter wille van oorlewing is deeglike fyn beplanning lewensbelangrik. Phew!, gelukkig reël boesmans hierdie jaar die kongres! En die voetspoor en sleutelgatloerders kan maar met ‘n geruste hart geld insamel, want ons het al groooot planne gemaak!!

Verder verruil ons spannetjie Monika vir Bertha. Monika gaan Australië toe vir ‘n rukkie en Bertha neem haar plek in om te help met die formele ete. Kongresouers, Willie en Riesl Spies (daai jong egpaar met die oulike witkop seuntjie), is twee weke terug deur ywerige boesmans platgetrek. Riesl gaan ook help met die kos maak en ons is dankbaar dat hulle ingestem het om deel te wees van die *greatste* kongres ooit!! Eintlik wil ek nie te veel uitlap oor wat julle te wagte staan nie. Net dat ons pyle skerp is, die kokers skoon, kalbasse strategies geposisioneer, en voor julle kan sê: “jag!” dan is dit kongrestyd en sien ons julle almal by die Hoekie!

Groete en mooi bly!
Die Kongresboesman

STOFFEL IN DIE WILDERNIS – CHRISTIAAN BAKKES

Wilma Lubbinge



Stoffel Mathysen se lewe is uniek en avontuurlik. Dit is sy beroep wat hom op die alleenpaaie in die natuur én in die lewe lei. 'n Lewe wat baie van ons beny, maar die werklikheid is so anders as wat ons dink dit is.

Die boek is 'n persoonlike vertelling van die skrywer se lewe. Van sy jare as Natuurbewaringstudent aan Technikon Pretoria na sy diensplig jare, en dan as wildbewaarder en navorser in die Kruger Wildtuin, Kaokoveld en Caprivi.

Die vertelling is menslik en opreg. Die opwinding en die eentonige bestaan van 'n veldjagter word eerlik vertel. Sy verhale vertel met soberheid en eenvoud, maar ook met teruggehoue emosie die lewenslesse in die natuur.

'n Woord van waarskuwing: Die skrywer huiwer nie om growwe taal te gebruik nie. Alhoewel dit nie aanvaarbaar is of goedgekeur word nie, moet die leser onthou dat die taalgebruik tipies is van die omstandighede en die karakters van wie daar vertel word. Stoffel se lewensnormes is ook nie Christelik nie en is ongelukkig die algemene houding van soveel jongmense.

"En daar wás baie avontuur. Ek het so geswerf dat ek nêrens werklik meer hoort nie. Al wat ek het, is 'n storie om te vertel."

'n Ander titel deur dieselfde skrywer: *Die lang pad van Stoffel Mathysen.*

CREATION IN SIX DAYS – JAMES B. JORDAN

A defense of the traditional reading of Genesis 1



Jy weet dat die Here die skepping in 6 dae voltooi het en op die sewende dag gerus het. Maar weet jy hoe om dit aan ander te verduidelik? Of om jou standpunt te verdedig? Of wonder jy oor die 24 uur dae en hoe die skepping werklik gebeur het?

Ons word daagliks gebombardeer met 'wetenskaplike' bewyse van hoe die skepping wel of nie was nie. Teoloë, professore en wetenskaplikes doen 'n beroep op die kerk om haar siening oor Genesis 1 te verander - omdat dit onvanpas is in die moderne samelewing. Dit is belangrik dat ons moet weet wát ons glo en hóékom ons dit glo. En dit is waar die boek 'n belangrike rol speel. Jordan skryf in sy inleiding dat die doel van die boek drieledig is, naamlik:

1. Detail kritiek op die Raamwerk Interpretasie van Bruce Waltke en Meredith Kline en sy volgers. In hoofstuk 2, 3 en 5 argumenteer die skrywer dat die teenstrydighede en probleme slegs in die gedagtes van die kritici bestaan en dit nie in die Skrif gevind kan word nie.

2. Om vuur met vuur te antwoord. Die skrywer gee sy mening oor hoe Genesis 1 gelees moet word. Verder wys hy dat die moderne wetenskap fundamenteel afgodies is en dat Christene nie mag toelaat dat dit hulle denkwyse beïnvloed nie.

3. In hoofstuk 8 poog die skrywer om die aannames van die Raamwerk Interpretasie te ontbloot om so te wys waarom dit vandag so aanvaarbaar is. Verder gee die skrywer sy siening oor hoe Genesis 1 gelees moet word. Hier maak hy dan ook gebruik van 2 artikels van John Collins as wegspringpunt om moderne sienings te bespreek.

Die ideale boek om 'n deeglike studie van Genesis 1 te maak en so te besef hoe groot en magtig God is.

GEDIG: MOED

"Al gaan ek ook in 'n dal van doodskaduwee, ek sal geen onheil vrees nie; want U is met my: u stok en u staf dié vertroos my." - Ps. 23:4

Psalm 23 is een van die bekendste Psalms. In hierdie Psalm bely Dawid sy vertroue op die Here, sy Herder. Hy weet dat God hom nooit sal verlaat nie. Ookal lyk die omstandighede nie baie goed nie, ookal gaan hy deur moeilike tye, God sal met hom bly. Die digter van die volgende gedig het dit ook ervaar. Die lewenspad mag dalk moeilik lyk en met sonde bevlek wees, maar God is altyd daar. Ookal voel ons deur mense verlate, Hy sal altyd by ons bly.

Dus hou goeie moed!
Groete,
Willemien

MOED

Oor die wye vlaktes voor my
sien ek skaars die pad kronkel
die horison lê ver anderkant verby
bo my is daar sterre wat vonkel

Rugwaarts lê my verlede
ver uitgestrek
vol gate en klippe
met sonde bedek

Die pad vorentoe lyk so alleen
my moed wil-wil my begewe
maar altyd is daar nog die Een
en skreiend roep ek: "Heer, vergewe!"

Deur die grasse ruis die wind
Hy tel my in sy hand
"Ek sal by jou bly, my kind!"
Is dit sy liefde wat in my are brand?

VERJAARSDAE

Bethal	
Elize Botha	25 Aug
Johannesburg	
Riekert van Lith	2 Jul
Esther Kuyvenhoven	21 Jul
Maryna Bijker	22 Jul
Leon Byker	13 Aug
Kaapstad	
Antionette Raimond	1 Jul
Margreet Moes	6 Aug
Clara van der Vinne	6 Aug
Carina van Alten	6 Aug
Ewart Antonides	10 Aug
Sandra Scheltens	20 Aug
Theo de Vries	29 Aug
Mirjam Raimond	31 Aug
Maranata	
Gys van der Meulen	4 Jul
Ria de Vries	2 Aug
Tessa Dandoeras	7 Aug
Pretoria	
Martyn Ros	1 Jul
Gerhard Bijker	5 Jul
Lientjie de Jager	10 Jul
Marlies Kleyn	17 Jul
Henk van der Veen	24 Jul
Tineke Hagg	28 Jul
Jean Goodey	31 Jul
Christiaan Zielman	1 Aug
Erik-Jan de Wit	2 Aug
Wilma Lubbinge	3 Aug
Hilde Ros	5 Aug
Annelie de Jong	6 Aug
Laurike Bosker	21 Aug
Albert Smit	22 Aug
Anja Kamphuis	22 Aug
Martin Kamphuis	22 Aug
Annet Lubbinge	23 Aug